Verslag oor werkmag is vol foute, sê Solidariteit

Alet Rademeyer

Die kommissie vir gelyke indiensneming (CEE) se jaarverslag is deurspek met wanvoorstellings, optelfoute en twyfelagtige metodologie en is derhalwe irrelevant en onverantwoordelik.

So het mnr. Dirk Hermann, adjunk- uitvoerende hoof van die vakbond Solidariteit, gister op 'n mediakonferensie in Centurion gesê waar dié omstrede verslag ontleed is.

Verlede week het me. Mpho Nkeli, voorsitter van die CEE, aangekondig "wit mans monopoliseer steeds topbestuursposisies".

Hermann het gesê ondanks die indruk wat die kommissie probeer skep, toon die verslag 'n konstante afname in wit verteenwoordiging op topbestuursposvlakke. Dit het afgeneem van 78% in 2001 tot 54,5% verlede jaar.

Die verteenwoordiging van wit mans in senior bestuursvlakke het sedert 2001 van 69,5% tot 46,3% gedaal.

"Uit die statistieke is dit duidelik wit mans se posisie het in die afgelope tien jaar drasties verswak. In een van die kommissie se wanvoorstellings word gesê verteenwoordiging van wit mans op senior bestuursvlak het met meer as 10% gedaal, maar in werklikheid was die daling van 2001 tot verlede jaar 22%," het Hermann gesê.

Solidariteit kry die indruk die kommissie jaag 'n spesifieke ideologie na en nie die waarheid nie.

Hy het verwys na wysigings aan die Wet op Billike Indiensneming wat die kabinet oorweeg wat vervolging makliker sal maak en boetes vir oortredings sal verhoog.

As dié wysigings op swak statistieke en subjektiewe aannames gebaseer gaan word, gaan die wet swak en subjektief wees, meen hy.